

**11 November**

**Hebreërs 1:1-2:4**

(Teks: 1:2 en 2:1)

***Bang om weg te dryf? Hier is iets om aan vas te gryp***

*Dit voel soos om stroomop te swem, téén die slegte nuus in. Berigte oor misdaad, oorloë, vernietiging van die natuur. ..Dit sleur jou genadeloos mee, algaande dryf jy weg, stroomaf na 'n sinlose bestaan.*

Wegdryf waarvandaan? Van dit wat in die verlede vastigheid gegee het. Néé, dit hoef nie waar te wees nie! Gryp kragtig vas!

*Gryp vas aan wat jy reeds weet. Aan dit wat God deur sy Seun kom sê het. Vóór Hom het God op baie maniere en baiekeer deur mense gepraat. Die unieke woorde van die Seun is anders, die woorde van sy Vader. Met die gesag van 'n Koning sorg Hy vir al die dinge wat Hy geskep het. Hy is groter en heerliker as die engele-boodskappers van God.*

Hoor opnuut die woorde van God en hou vas daaraan. Daardeur red Hy uit die strome: Soos vir Noag in die ark, soos vir Israel deur die Rietsee. Net so waar en betroubaar is die woorde van die Seun. Sy daade het sy woorde versterk. Tekens en wonders, kragtige daade en werkinge van die Heilige Gees het daarby aangesluit.

Sy opstanding uit die dood het bevestig wat vooraf gesê is. Na sy hemelvaart is die Heilige Gees soos lewende water uitgestort. Hy maak ons sterk sodat die strome ons nie laat wegdryf nie. Hy maak Jesus se ou woorde altyd weer nuut. Dit gee toekoms-sekerheid.

Wie daaraan  
vasgryp, sal nie wegdrywe nie. Dit is jou anker waarmee jy die strome van die lewe kan weerstaan.

Sing Psalm 19:4

Dr. W.C. Opperman (Windhoek-Suid)